


Alfie-Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Prof. Nico Luwes

(Straatteater)

Met respek en verskoning aan

William Shakespeare



Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

TYD

Enige tyd, maar die ducktail tyd sou ook kon werk

PLEK

Die stuk kan buite op die gras in die opelug, in 'n winkelsentrum of in 'n teater of waar ook al speel.

STYL

Sirkusagtig en burleskgroot. Gaan mal! Dink aan toneelspelers in *Midsummer Night's Dream*

KARAKTERS

Willem Wikkelspies – Die sirkusbaas.

Geklee in enige bont besigheid of manelpak met narhoed. Baie flambojante gebare en stemgebruik.

Prompt! – Die soufleur

Nie nie skerpste potlood in die pakkie nie. Met groot boek.

Greg en Sam

Twee baie ou manne van die huis van Cappuchino. Suiplappe.

Albie en Maltakoors

Twee van die huis van Mountbatten se manne. Ook maar oud en gesuip.

Rottemeister – Die Sheriff

Eintlik Tybalt op 'n rietperd met Cowboy-streke

Ben-Folio

Eintlik Benvolio en 'n *nerd* met bril.

Lord Mountbatten en sy Chic

Eintlik Montagu, maar nou baie Brits soos prins Charles se oom, maar met ducktail streep, Hy en sy Goose ry 'n Piskriek van 'n klein motorfietsie

Die Lyke

Dis die dooie dōnners - Greg, Sam, Albie, Maltakoors en Ben-Folio

Cappuchino – en sy Italiaanse Gooze

Eintlik Capulet maar nou Mafiabaas met hoed en sy Gooze met *boobs* ry 'n Vespa.

Alfie-Romeo

Verlore in die liefde en 'n amateurdigter, maar ook 'n *actor* met 'n *attitude*

Julietta

Oh! Oh! Butch met 'n behoefte! Sy kên van en ry 'n 500-cc Scrambler

'n Parra

Groen bene, paddavoete en 'n papbek wat rondspring.

Ag, daar kan nog 'n klip of boom ook wees indien nodig.

Proloog

Willem *(af vanaf leer waar hy op gesit het aan sykant van verhoog.
Geklee in Middeleeus):*

Welkom geagte dames!
Welkom geagte here!
En al julle tussenbere!
My naam is Willem Wikkelspies
My ooroupagrootjie was was 'n groot meneer,
Sy naam was...
William Shakespeare!

(Dramatiese rondomtalie)

Maar waarom ons oor hom verknies?
Hy's lankal oorle en gekis!
Ons doen sy stuk met vandag se wette!
Dames en here...! Ons bied u...

(Dramatiese gebaar)

.... ALFIE-ROMEO... EN PRINSES... JULIETTA!

*(Hy maak 'n dramatise gebaar en kon kniel voor die gehoor vir sy
'nuwe' proloog. Skielik ernstig)*

"Twee huise ... met hul gespuise...
In kwaai Verona waar die stuk afspeel...
breek skielik weer ou bloedvinte uit.

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

(Hy mimiek woeste gevegte)

Die hare waai en swaarde swaai en orals spat die bloed en vet!
Burgerhande word na jare weer met Mercurochrome besmet.

(Dramatise ommeswaai na treurige romanse)

Uit die gedoemde lende van die vyande...

(Tersy) Tipies van die Italiaanse bendes...

Ontmoet twee minnaars deur hul ster bedreig.

Jy weet... Sien-sien, voel-voel, hyg-HYG!

(Tersy) Romeo 'n Virgo en Julietta 'n Leeu

Nog nooit het die liefde so ten hemele geskreeu!

Deur ongeluk, rondgepluk en hoogs verskrik

Beïndig hul met hul dood die ouertwis – ja dis gewis!

Die gang van hul liefde wat die doodsmark dra...

(Hy sing skielik!) Daar in die donker gang...

het hul na iets verlang...

(Hy herstel blitsvinnig)

Sorry! Dis my *favourite* liedjie!

Die volhou van hul ouers in hul drifte...

Totdat Lady Cappuchino omkom,

Wat net deur kuikenmoord gestuit kan word – dít...neem die twee
uur van ons spel nou in beslag...

(Tersy terwyl hy knyp)

I'll try to cut it short... die blaasfaktor jy weet!

(Hy sug) Luister aandagtig... met geduld...

Vergeet u skuld en hou net moed, ek moet nou groet!

Wat nog ontbreek... *(Hy haak vas)*

Wat nog ontbreek... *(Hy verloor absoluut selfvertoe en stort
omtrent inmekaar in angs terwyl hy na Prompt staar vir hulp)*

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Prompt!

Prompt: Dit sal...

Willem: Wat nog ontbreek... Prompt!

Prompt: Dit sal...

Willem: Dit sal WAT?

Prompt: Dit sal ons vlyt probeer vergoed!

Willem: Don't cut me on my line! *(Hy gaan briesend na Prompt)* Hoe durf jy my lyne oorneem. Blêddie amateur! I've never been so inseminated in my life! *(Hy gee Prompt 'n klap teen die kop en bestyg sy leer)*

Toneel 1

(Oop ruimte op die stadsplein. 'n bankie of iets om op te sit. As Willem Wikkelspies kan hy byklanke vanaf leer van honde of tortelduiwe namaak as agtergrondseffekte.

Greg en Sam, twee ou manne van die Huis van Cappuchino kom op. Greg se klere ook Shakespeare-agtig.

Sam het 'n hoed met horings op – ietwat Viking of bloubullerig. Die horings is met 'n vuil doek bedek. Sam het 'n jasserige ding aan. Hy het 'n deurskynende kan wyn by hom. 'n pyp, onsigbaar vir die gehoor, verbind die tuit van die bottle deur sy mou met 'n leë papsak in sy binnesak. As hy dus die bottle teen sy mond, weg van die gehoor af lig om te 'drink' loop die bottle leeg in die papsak en dit lyk of hy die hele bottle met een teug uitsuip. Albei is baie oud en kom treetjie vir treetjie in. elkeen het 'n verpoepde houtswaard by hom. Lig sy bottle en 'suip' die

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

bottle leeg)

Sam (hik): Greg ek sweer ek kan nou niks meer sluk!

Greg: Nee, want netnou dink (*wys na gehoor*) "hik" ons is sommer ongeslik!

Sam: Ongeskik? Ek "hik". Eh gaan my swaard uit-"hik" pluk.

Greg: Oppas voor iemand jou aan jou gorrel "hik" pluk.

Sam: As iemand met my sukkel, steek ek hom met my "hik" Swaard!

Greg: Maar jy's be'hik"! Jy sukkel om te steek

Sam: Eers sal ek die ou Mountbatten se manne plat "hik" en dan (*Hy beduie verwoed met sy swaard*) sal ek hulle oumas een vir een neersteek!

Greg: Vir wat? Die twis is tussen ons base... en ons hulle slawe se oupas. Dis wat dit was! So ,los maar eers die oumas.

(Albie en Maltakoors verskyn van die kant af. hulle kan ook Shakesperiaans of selfs half soos ridders aantrek wees. Maltakoors het 'n Hügar-hoed op. Ook met hout- of plastiekswaarde. hulle sien nog nie vir Sam en Greg nie)

Sam (*sien hulle en skrik*): O hondepatrollie! Dinge moetie nou lol nie!

Greg (*kom sukkelrig orent*): Hier kom twee van Mountbatten se oupas aan. En jy gaan nie nou hol nie! Vassataan Sammie! Ontbloot jou horing!

Sam (*pluk die doek van sy horings op sy hoed af*): My kale horing is gereed! Spring op en storm!

(Greg spring op Sam se rug om hom as perd te gebruik. Sam se

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

beentjies gee mee en hulle stort inmekaar)

- Sam *(op die grond):* OK! Sê jou wat! Kom ons hou ons kant skoon, Laat hulle begin.
- Greg *(Oë toe asof hy onsigbaar en nie daar nie):* Ek sal snork as hulle verbykom.
- Sam: Slim! *(Sy ogies klap ook toe)*
- Albie *(kom nader):* Snork jy dalk, Oupa?
- Greg: Ja ek snork, Oupa!
- Maltakoors: Maar snork jy dalk vir ons, Oupa?
- Sam: Ja hy snork vir julle, Oupa!
- Albie: Ook terwyl jy wakker is?
- Greg: Ja ook terwyl ek wakker is! Wat daarvan?
- Maltakoors: Hoe dan ander? Jy men jou neus soos 'n sirkelboog!
- Albie: Ja, hy gaan moeilik vrek. Blaas sy laaste asem weer by sy neusgat in!
- Sam: En jy met jou bak beentjies soos 'n wawiel! Wat daarvan?
- Greg: En jy ou Maltakoors! Ore so rooi.... *(Hy vergeet. Aan gehoor)* Ek vergeet altyd, maar moenie dat dit 'n goeie *fight spoil* nie. Wil julle baklei?
- Maltakoors: Ja ons wil! Maar wag eers ! Laat Albie eers opklim!
- Greg: Goed! Gee ons ook 'n kans!

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

(Geg sukkel op Sam se rug met houtswaard uit. Albie sukkel om op Maltakoors se rug te kom. sy swaard ook uit. Maltakoors en Sam lyk soos twee bulle wat gaan storm met die ruiters op die rug)

Sam: Voorwaarts in die naam van Die Baas van die Huis van Cappuchino!
Vader van ons geliefde Prinses Julietta!

Maltakoors: Voorwaarts in die naam van ons Edele Lord Mountbatten! Vader van ons geëerde prins Alfie, Ons eie Prins Romeo!

Almal: Storm!!!

*(Hulle storm gillend op mekaar af maar, mis mekaar en gaan draai van die vehoog af weer om vir 'n tweede probeerslag.
Intussen het Ben-Folio agter verskyn met sy neus in 'n groot boek met 'n leesbare titel, "Wat elke seun moet weet". Hy is onbewus van die geveg en total vertrap kom hy vorentoe as die perde en ruiters weer vebystorm en hom net-net mis)*

Almal: Pasop voor Ben-Folio!

*(Hulle is weer af en kom weer met gille opgestorm, teen Ben-Folio vas en almal stort op 'n hoop neer. Hulle kreun en steun
Uit die bloute kom Rottemeister in sy Sheriff-drag en hoed op 'n rietperd van die kant af op. hy gallop om die klomp op die voer met sy rewolwer in die lug)*

Ben-Folio: *(onder die hoop uit):* Klim van my lyf af julle barbare, Bedek julle horings en skoert!

Rottemeister: Baklei jy saam met die suurstofdiewe? Klim uit Ben-folio en aanskou jou dood!

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Ben-Folio: Rottemeister! Ek wil die rus bewaar! Sit weg jou pi... pi... pistool of ek gaan sê die Sheriff.

Rottemeister: Ha! Ha! Ha! Ha! Ek is die Sheriff jou aap! En die ding is 'n rewolwer ou Ben-Folio – nie 'n pi... pi... pistool nie! Bye, bye! Sê groete vir ou Shakes Rattling Bones as jy daarbo kom!

(Kadwa X 5! Hy skiet ou Ben-Folio en die spul oumanne almal wat moerse dramatiese opkom en sterf en sterf en sterf... Eintlik wil hulle mekaar oortref met hulle sterfaksies! As almal uiteindelik dood is, sit hy sy rowolwer terug en steek 'n sigaret aan) After action... Satisfaction!

Hy runnik op sy perd en trek 'n skoot in die lug af. 'n Voël val uit lug uit op sy kop. Miskien kan Willem Wikkelspies dit van sy leer af gooi. Met 'n moerse runnik ry hy van die verhoof af)

Toneel 2

Willem *(klim van sy leer af na middelverhoog):* Nou Ja! Geagte dames en geagte here! Op hirie aarde is daar maar ongeskikte bere. Maar as u gedink het dit raak nou 'n bietjie mal. Hier kom Mountbatton en ou Cappuchino! Soveel haat het jul nog nooit gesien nie! As jul gedink het dit was al. Kyk hoe braak twee ouballe gal! Wag laat ek my uit die voete maak! *(hy klim weer teen leer op om die spul te beskou)*

Cuppuchino *(en sy Chic op met klein Piskriek motorfietsie. Sy kou basies chappies en lyk sexy met 'n double-D borsmaat. So dom soos groen roomys. Hy's soort van Mafia met hoed wat met jong pop spog):* Wie raas hier so? O! Ou Mountbatten se manne! Gee my my lang *chain* aan!

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Chic *(so commen soos Flooze – Hoezit my Tjomma!):* Wat vra jy vir 'n *chain*?
Hit hom met 'n Knuckleduster!

Mountbatten *(en sy Goose op met Vespa. Hulle is britse punkers. Hy het 'n knuppel by hom. Sy Goose is net so common en doen hoofsaaklik haar lippe oor in spieëltjie. Sy het leerbaadjie aan):* Ja jou Cappuchino! Ek dag jy ry darem 'n Uno! Wie's daai Goose? Sy lyk soos Flooze!

Goose *(groet verleidelik):* Hoezit my Tjomma... Hoezit my ou!

Cappuchino: My *chain* sê ek! Daar is ou Mountbatton! Hy swaai sy knuppel om my uit te tart!

Chic: Hei Gooze! Ek *check* jou!

Mountbatten: Skurkagtige Cappuchino! Met hierdie knuppel klap ek op jou huppel dat jou oë uitpop!

Cappuchino: Izit! Met hierdie vuisie druk ek jou ou vleisie laat jou puisies uitspring!

Mountbatten: *That's it!* Ek daag jou uit tot straatgeveg!

Cappuchino: *Fine* met my! Taan soontoe *girls* OK! *Start* op!

Chic en Gooze *(staan eenkant toe en gooi high fives met mekaar):* Raait! Kom ons *check* dit uit!

(Ou Mountbatten en Cappuchino probeer hul motorfietsies aan die gang kry, maar slaag nie. Albei spring naderhand op en af van frustrasie. Die twee chics blaas bubbles en as die twee ou manne inmeekaarsak van uitputting, staan hulle nader, start die twee motorfietsies en laai die twee agterop): Klim! Ons sê klim! *(Die twee mans klim gedwee agterop en die vroue lift hulle af te wyl mans vir mekaar skree):* Vargevreet! Oliekop!

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Ietermagô! Ens.

Gooze: Ok, bye! Check jou by die gym!

Chic: OK, bye! (*Gooi kop na agter na Cappuchino se rigting*): Ai! Viagra kan ook nie alles doen nie nê! Bye! (*Al vier af*)

Toneel 3

Rottemeister (*kom skelm opgery op sy rietperd, spring af en begin deur die lyke se sakke te gaan om te aas. Hy het nou 'n mynwerkershelemt op vir beskerming teen moontlike vallende voëls*): Daar's 'n ou gesege wat sé 'n lyk kan nie vir himself 'n harp of 'n brandblusser koop nie! Ja ek steel, maar u moet beseef dames en here, die prys van patrone is deesdae iets verskrikliks!

Ben-Folio (*loer onder die lyke uit en is blykbaar nog lewendig*): Jou skarminkel van 'n Rottemeister! Besteel jy lyke?

Rottemeister (*skrik sy alie af vir die pratende 'lyk'*): O Kanarie! Amper tjorts ek in my broek!

Ben-Folio: Besteel jy lyke?

Rottemeister: Natuurlik! Het jy my gesien?

Ben-Folio (*op*): O ja ek het! En ek gaan die Prins sê!

Rottemeister (*Met aaklige lag aan gehoor*): You know what? He knows too much! (*Kadwa! Hy skiet Ben-Folio weer behoorlik dood, en Ry triomfantlik van vehoog af met sy buit*): And another one down, yes another one down... Another one bites the dust!

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Willem *(kom weer af na lyke):* Seergeagte dames en seergeagte here. Nou ons bietjie in die moeilikheid! Die verhoog lê oorvol oorlede menere! Kom ons vra hulle in alle eerlikheid om hul lendene op te hef en weer te loop soos vorige kere. Mener! Vir wat lê julle daar soos dooie malgasse? Verwyder asseblief jul stinkende karkasse!

Lyke *(glad nie lus nom te loop nie):* Maar die regisseur het gesê ons is nou dood! En ons moet prober om nie asem te haal nie!

Willem *(Slaan 'n Griekse rougebaar):* O waar sal my hulp vandaan kom? *(Dan verloor hy dit)* Dit weet ons reeds sotte! Verwyder jul lyke! Ons wil hier speel, dis al wat ons skeel! So roer nou jul beentjies soos doodgoeie seuntjies! *(Lyke steun-steun op)* En los maar daai kreuntjies. *(Slaan weer 'n Griekse rougebaar in 'n ander rigting)* Blêddie amateurs! Get off stage! *(Die lyke is af. Hy wil weer sy leer gaan klim en sien iemand aankom).* Aitsa! Kyk hier kom hier aangewandel! Dis alfie romeo! Seun van Mountbatten. Haai jy! Wie is dit wat daar so geruisloos gaan?

Toneel 4

Alfie-Romeo *(droomverlore in met Shakesperiaanse pofbroek en hemp. Hy 'dig'):*
Bloed in die water en bloed in die maan...
As ek haar vind sal sy nooit weg gaan.
Sy sal my verstaan... deur liefde verslaan.
So bly sy maar binne my wentelbaan...

Willem: En aan en aan en aan!

Alfie-Romeo *(sien hom nou eers):* A! Hier's jy! Met jou het ek 'n appeltjie te skil! Jy's besig om die hele stuk op te duiwel. Is jy weer gerook? Waar is Ben-Folio? Hy is veronderstel om my 'n boodskap te gee va 'n ligte partytjie

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

by Cuppuchino se huis vanaand!

Willem: Sjarrup jong man! Met wie dink jy praat jy?

Alfie-Romeo: Met jou die verteller!

Willem: Jy maak 'n fout jong klong! My regte naam is Willen Wikkelspies! Om so 'n titel te verkry sit nie in enigiemand se broek nie! Jy sal nog moet leer om jou spiesie te wikkel!

Alfie-Romeo: Ag so? Dis net 'n rol!

Willem: Rol of nie rol nie! As jy nie ligloop nie skryf ek jou sommer nou uit my tragedie uit! Het jy my?

Alfie-Romeo: Yap!

Willem: Dis beter! Nou ja wat is jou probleem?

Alfie-Romeo: Ek's verlief...

Willem:: Verlief? Op wie?

Alfie-Romeo: Ek weet nog nie. Jy skryf die drama!

Willem: O Ja! Nou goed. Ben-Folio het die gees gegee

Alfie-Romeo: Ag nee!

Willem: Ag ja! Gaan jy maar net vanned na ou Cappuchino se huis toe! Ek hoor *Malema's Breweries* sponsor die party.

Alfie-Romeo: Rerig?

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Willem: Ja! Daar skenk ek jou 'n meisie sonder 'n puisie. Gebou soos 'n pou wat kan hou agter die gebou. Heerlik gewillig en pragtig onverskillig!
Vanaand het jy pret met mooi Juliet!

Alfie-Romeo *(heel opgewerk)*: Ek wil haar nou hê!

Willem: Haai wie skryf die drama? Ek of jy? Maak jou uit die voete! Vanaand kan jy vry!

Alfie-Romeo *(huppelend en dansend na agter)*: Ek soek na my Julie, my Julie, my Julie! Ek soek na my Julie... Die Julie van my! *(Hy het spieëltjie uit en jel sy hare)*

Willem: Hy klink soos 'n Voortrekker wat nog moet leer vry! *(Na vore en weer op knieg vir gehoor)*

Seergeagte dames en seergeagte here!

On spring nou eers na 'n ander toneel

Van 'n ander heer wat wat ook sy geluk wil prober.

Ek vra u mooi om nie te lag nie

My oorle Shakes die noem hom Paris

Dis oor die ou so mooi is!

Vir ons my vriende is hy Parra

Ook maar net oor hy so parra.. parra... paraat is!

En hou op giggel jy

Was jy nog nooit verlief nie?

Jou hart deur minnesang versag nie?

So wees gewaarsku! Moenie lag nie!

(Vir Romeo wat nog daar staan en hare jel) Alfie-Romeo! Vir wat staan jy nog hier oortrek van sproete? Komaan man! Maak jou uit die voete!

(Alfie-Romeo af met sy liedjie)

(Iewers raas 'n 500 Scrambler) Dames en here! Ek het die eer om aan u te toon. Ons geliefde Julietta! Die puisielose vette!

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

(Willem Wikkelspies maak gatskoon teen sy leer op)

Toneel 5

- Julietta *(stoot of ry haar Bike op. Sy is regtig vet en moerse butch! 'n Sterk man kan ook die rol speel. Beenhare onder die ski-pants en 'n paar verskriklike groot borste. Aggressief aan gehoorlid):* En vir wat lag jy? Ek haal jou aambeie deur jou keelgat uit! (Aan ander gehoorlid) En jy? As jy mangelpromele het kry ek hulle uit op die ander way!
Al ooit gedink 'n mens soos ek kan ook verlief raak?
O jou buffel o jou bees!
Ek is ook mens met lus en vlees!
Kom! Ek vertel jul nou hoe die tragiek himself in my ontvou
My geliefde Pappie, Cappuchino,
Het onder die invloed van die vino
My belof aan ene Parra
En glo my hy's 'n regte Garra!
My pa glo vas as ek hom soen, verander hy in 'n skatryk prins
Maar soen eerder 'n suurlemoen as die geeërde Parraprins!
- Parra *(hoppend op met groen padda-uitrusting en paddavoete. Hy praat met kraakstem):* Kwaak, kwaak, kwaad! Ek is verheug, my dame en my vrou.
Ek voel al my liefde nou ontvou. *(Hy kry so 'n rilingtjie)* Kwaak!
- Julietta: Dit sou mag dalk wees ou Parrakwak. Voor dit gebeur spring ek eerder van die hoogste dak.
- Parra: Die mag beminde móét op Donderdag!
- Julietta: O, donderslag! Al Donderdag?
- Parra: Ontken tog nie dat jy my liefhet nie! Ek weet jy het my lief!

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

- Julietta *(vir gehoor)*: Hy's wragtag Parra! Dit glo ek vas! *(vir Parra)* Dink jy regtig jy's my klas? 'n Parra is 'n ding wat spring! Ek sweer my liefde's te gering vir een met so 'n gladde bek soos jy. Hoe op dees aarde gaan ons vry?
- Parra *(spring heel hups nader)*: Laat daardie sakie maar aan my. My dag sal kom, ek sal jou kry.
- Julietta *(spring weg)*: Hou eers verby! Gedra jou magtig! Ek is 'n flippen lady hoor!
- Parra: Ok! Ok! Nou-ja, my liewe Julietta, vroeg Donderdag sale k jou wek, met minneliede uit my bek. Tot dan vaarwel. *(hy neem haar hand)* Bewaar nou die gewyde kus. *Hy sien haar hand maar haar hand glip by sy bek in)*
- Julietta: Help! Haai! Lyk ek vir jou soo 'n muskiet! Los my hand voor ek jou skiet!
- Parra *(los haar hand en hop af)*: Jammer! Jammer! Regtig jammer. Donderdag vat ek dit kalmer!
- Willem *(kom laggend van leer af)*: Sjoe, maar so 'n Parra raak darem honger! Opskud beenbek! Na jou plek *(Hy skree agter Parra aan)* Ou Parraman kom eet vanaand by by. My Taiwan niggie bly by my. Dan leer sy jou ordentlik vry!!
- Julietta: Hy't my gebyt! Die skyt!
- Willem: Jy kan bly wees dit was net jou hand in daardie honger vrek se bek! Nou toe liewe Julie, jy moet eers gaan. Gaan sit solank jou lippe aan *(Julietta af)*
-

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Toneel 6

- Willem *(kom weer gehoor toe met dramatiese gebaar):* En nou geagte dames...
Ja nou geagte here...
Spring ons aan na die geliefste klei toneel
Cappuchino se tuin... Onder 'n somerprieël.
Ek weet u sou verseker eerder 'n balkon verkies
Maar *budget*, jy weet... dis jul verlies!
Soos u reeds weet lê twee harte nou in puin.
Arme Parra behandel sy verskriklik stief.
En op die paartie raak sy toe mos verlief
Die warme Alfie-Romeo oorlaai sy nou met vette sjarme!
(Aan gehoorlid) O jy wil weet van die partytjie?
My problem is ek's nie genooi nie.
Ek verstaan dit self nog nie so mooi nie
Net as jy reg stem kry jy 'n 'n worsie en 'n steakie!!
So jy wil regtig weet? My liewe land!
Gaan lees daaroor in die sondagkoerant!
(Hy gaan haal 'n bankie en 'n tak en hou dit in die lug vir die prieël) Laat
loop akteurs en oor na aksie!
- Julietta *(in met rooi lippe. Sy skuif haar borste op en reg):* Ou Alfie my kalfie, my
dierbare Romeo... Waar is my Romeo?
Kan jy my nie hoor nie? Kan jy my nie sien nie?
Dis ek Julietta – jou eie Cappuchinni! *(Sy sit op 'n bankie wat Willem
Wikkelspies net betyds onder haar inskuif)*
- Alfie-Romeo *(verskyn aan die ander kant en kyk op sy horlosie. Hy is baie maer en
klein verpoepde figuurtjie):* Moet ek nog luister of nou al praat? My ma
wag by die huis en dis wraggies al laat.
- Julietta: Wat is 'n naam? Wat ons 'n kaktus noem bly maar 'n kaktus, al ruik dit
ook na perlemoen. Ek raak so lus ek wil hom soen!

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

- Alfie-Romeo *(Wil ook dig):* Oo koud is die windjie en skraal
En groot in die maanlig se straal
Staan my beminde en rym vir die nag
Vir wie sou dit wees? Op wie sou sou wag?
- Julietta: Wie is dit wat daar so vyfvoetig rym? O Oepsie genade! Ek sweer ek
sien Romeo daar onder side suurpruim!
- Alfie-Romeo *(kom nader):* Dis ek my beminde! Dis ek wat so rym. Vyfvoetige verse
dié is mos my kos.
- Julietta O Oepsie genade! My bra-strêp spring los!
- Willem *(probeer soos voëltjie fluit vir romanse en hy lig 'n hoelahoep stadig
afgter hulle op om die maan voor te stel. Hy skakel 'n flits aan sodat die
maan kan skyn). Fooit! Fooit! Fooit!*
- Julietta *(sing):* Silwermaan jy skyn so helder... Deur die avondbemmel aan
Jy bring vreugde... so ho-ho-ho helder
So verdwyn verlange en pyn...
- Alfie-Romeo: O, Gee my jou liefde! Vir my is dit wyn.
Die sterretjies fluister, of is dit net skyn
Jou hart wil ek vaslym... vir ewig getrou
Ek skenk jou my liefde ek lief net vir jou!
- Julietta *(neem hom in haar arms):*
Romeo, romeo, my dierbare lam.
Kom lê teen my arm
Kom lê teen my... *(Willem Wiikelspies maak haastig keelskoon)* skouer!
*(Sy trek hom tussen haar borste in dat hy soos 'n boekmerk daar lê! Hy
kan nie roer nie)*
- Alfie-Romeo: Versigtig tog my meisie... so owerloediglik geseën met prag.

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

Ek jy gaan my nek verkrag!

Julietta *(onbewus van die resultaat van haar kopklem):* My dierbare ding (*Sing teer*) Slapie Kannienie, so soet in die die nag
Ek dag ek sal jou nooit weer sien nie...
(Sy trek hom nog vaster vas) O Moeder daar gaan ek!
Ek verloor nou my naam!
Totsiens Julietta! Totsiens Cappuchinni!

Alfie-Romeo *(piep soos 'n voëltjie):* Skweek! Skweek Skweek!

Julietta: Die kwikstertjie kwik en die nagtegaal sing
Om te dink dat die nag soveel passie kan bring!
Ek voel hoe ek bibber, tot af in my kiewe...
(Romeo word skielik flou. Hy hang nou behoorlik in haar greep)
Ag Lammetjielief, Jy's pap in jou knieë?
(Sy skud hom soos 'n koerant)
Word wakker my ding! Word wakker my lam!
As jou ogies so uitpeul dan maak dit my bang!
(Dan 'drop' sy die lyk wat op die vloer neersyg. Sy sak lang sy lyk neer met sy kop op haar skoot)
O wee! Hy's oorlede! O,wee hy't gesterf.
Wat gaan ek nou doen? Waar gaan ek swerf?
'n Hongerloon na liefde – Dis al wat ek erf!
(Sy skud hom) Hoe kon jy jou ou bliksem! My huweliksnag bederf.
(Sy ween weer verwoed) O wee! O wee ek alreeds geweduwee...

Willem *(is nou ook in trane en laat val die maan oor sy kop. Sy liggie gaan af):*
O, wee... O, wee... So onbetree 'n weduwee!

Julietta *(gee 'n dramatiese snik en ruk haarself reg):*
O Alfietjie, my Romeo, my dierbare lam,
Ek het so gehoop ons sou darem kan.
Jy's nooit as te nimmer deur my ooit vergete

Alf Romeo en Prinses Julietta - Die Mare en die Vette

(Sy steek haar hand dramaties uit na Willem Wikkelspies wat die bottetjie gereed hou) O, gee my...

O, gee my my gif! Nou sterf ek verbete!

(Sy sluk)

O, dood wat himself so gruwelik vermom,

Verskuil in 'n bottel wat lyk soos gom.

Helaas my geliefde! Ek gaan nou omkom!

Hoe moed, liewe Romeo! Ek kom! Ek kom!

(Sy sterf blitsvinnig en val op Romeo neer)

Epiloog

Willem

(spring oor die lyke na die gehoor toe): Seergeagte dames en Seergeagte here!

Wat 'n tragiese, tragiese gedagte!

Die ou lewe met sy magte

Wat minnars sommer so laat sterf

En boemelaars van oralsoor laat swerf

Maar wat sal dit help om die lot te bekla?

Dit is die Noodlot – wat almal rondra...

So dink aan jou lewe. Die dinge wat wag.

En leef tog in liefde Elke flippen blêrrie dag!

Die begrafnis van die lyke sal u nie kan aanskou.

Ag nee, dis te tragies!

Ag nee, dis te grou!

Wees daar verseker van. Ek sal ek u nie pla.

Buitendien! Die begrafnis is eers oor drie dae!

(Hy klap sy hande in die lug om die akteurs te roep)

Staan maar nader Thespiane! Ek bedank jul vir jul moed!

Buig mooitjies vir die mense! Dis tyd dat ons moet groet.

(Buiging en einde)